*Sondag* **10 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 104:1-35 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 104:1-2, 33, 35b**
**Met die skeppingslied wil ek God met my hele wese loof!**

*“Loof die Here, o my siel! Here my God, U is baie groot!”* ’n Loflied oor die Skepper se almag in sy Skepping! Die Lig wat die duisternis wegdryf. Die koepel van die hemel wat soos ’n tentseil gespan word. Die watermassas wat van mekaar geskei word. Die berge en oseane wat verrys. Die sonnestelsel met al die ander ligte in die uitspansel wat die aarde verlig. Die plante en diere, voëls, visse en seemonsters ... is alles geskape deur net te praat. Met die woorde wat God uitgespreek het, het alles onstaan.
Alles, behalwe die mens. Die mens – die kroon van die skepping – is met God se hande, uit die stof van die aarde, gemaak en sy asem in ons ingeblaas – Gees van God in ons.
Met hierdie jubelsang hoor ons nie net die geskiedenis van die skepping nie, ons sien dit en beleef ook hoe God dit in sy almag instandhou. Ongelukkig neem ons ook ons eie kleinheid en sondigheid – mensheid – voor God se almag, grootheid en soewereiniteit, waar.
Daarom is hierdie psalm ook ’n gebed, nie net teen sekere sondaarmense nie, maar teen die bose magte wat ons van tyd tot tyd laat struikel en ons in opstand teen die Skepper van die skepping laat kom en ons aan Hom en sy Woord ongehoorsaam is. Baie letterlik bid die digter dat sonde en goddeloosheid tot ’n einde sal kom.
En dit wéét ons, die Lig het gekom, Jesus Christus het vir jou en my sondes aan die kruis gesterf – sodat ek en jy kán en mág lewe! Daarom juig en jubel ons saam: *“Ek wil sing tot eer van die Here solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is”. “Loof die Here, o my siel! Halleluja!”*

*Sing: Psalm 33-1:1, 2*
*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*